**Die seënbede**

**Heb 13:20-21**

**26 Februarie 2023**

1. Heb 13: 17-25: Leiers moet God dien deur 'n navolgingswaardige voorbeeld te stel, te waak oor die siele van die gelowiges, getrou vir hulle te bid, God se Woord te verkondig en geloofsgemeenskap te bevorder. Gelowiges moet God dien deur ag te slaan op God se Woordverkondiging, deur gehoorsaam en onderdanig te wees aan hulle leiers, en deur vir hulle leiers te bid.
2. Heb 13:20-21 – 'n Seënbede van die skrywer vir sy lesers
3. Oorsig oor die Hebreërboek
4. Die seënbede (Heb 13:20-21)
    a. Hoofsin: Mag God julle toerus met wat goed is
    b. Die God van vrede (v20)
        - Sondeval het afstand, vyandskap tussen God en mense gebring (EF 4:18, Rom 8:7)
        - Jesus Christus bewerk geregtigheid vir die wat glo (Rom 3:25-26)
        - Dit bewerk vrede tussen God en die gelowiges (Rom 5:1)
    c. Die God wat die Groot Herder van die skape, ons Here Jesus, uit die dood uitgelei het deur die bloed van die ewige verbond (v20)
        - Vader het outoriteit om Jesus uit die dood te laat opstaan – Hy was tevrede dat Jesus se offer voldoende was
        - Ewige verbond = verbond na sondeval, met Noag, Abraham, Dawid
            - Ou verbond was tydelik deel hiervan – vervang met nuwe verbond met Jesus as Middelaar, geld nou vir ewig
            - Gaan selfs terug na verbond onderling tussen Drie-Eenheid
        - Jesus is Groot Herder van die skape
            - Nie vantevore in Hebreërs bespreek nie
            - Jesus is Groot Herder, ouderlinge is onderherders (1 Pet 5:1-4)
            - Jesus is Goeie Herder wat lewe aflê vir die skape (Joh 10:11-15) – Hy het juis as Hoëpriester Sy lewe afgelê
    d. Alles wat goed is om God se wil te doen (v21)
        - Dit is alles wat nodig is vir heiligmaking, bv om aan al die oproepe in Hebreërs gehoor te gee
    e. Terwyl God in ons doen wat vir Hom behaaglik is
        - God werk in ons om Sy wil te doen – dus: God werk en ons werk
        - Jesus Christus werk deur die Heilige Gees (Joh 16:14)
        - Ander Skrifgedeeltes: Fil 2:12-13, 2 Tim 2:19, Eseg 36:27
    f. Die heerlikheid behoort aan Jesus Christus vir ewig en ewig
        - Sy heerlikheid was doel met ewige verbond – Hy verander nie (Heb 13:8)
    g. Amen
        - Skrywer is seker van uitkoms van die gebed – is in lyn met God se beloftes (vgl 2 Kor 1:20)
5. Afsluiting
    a. Inhoud van seënbede stem ooreen met 1 Tes 5:23-24